# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (48/11)*

*Justin Chadwick (9 Desember 2011)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "It is possible to store the mind with a million facts and still be entirely uneducated" Alec Bourne***

## VERIFIëRING VAN FITOSANITêRE PUC REGISTRASIES

Registrasie van produksie-eenhede (en vir sommige markte - boorde) is 'n vereiste in baie protokolle en regulasies. Dit maak dit vir DAFF moontlik om hulpbronne te bepaal in terme van inspeksies van boorde wat voorberei is uitvoer na verskillende markte. Dit is noodsaaklik dat hierdie registrasies 100% korrek is – in die verlede is besendings tydens inspeksies afgekeur as gevolg van verkeerde PUCs of boordnommers. DAFF het alle registrasie-besonderhede vasgelê en dit is nou jou verantwoordelikheid om seker te maak dat wat hul vasgelê het korrek is, en jy het 'n week om dit te doen. Alle sitrusprodusente kan tot en met die **16de Desember 2011** kyk of hul besonderhede vir registrasie vir Spesiale Markte (EU, Japan, S Korea, VSA, China ens) korrek is. Dit is 'n uiters belangrike proses omdat versuiming om die korrekte besonderhede te hê, sal beteken dat sitrusuitvoere na daardie markte vir daardie PUCs verbied sal word. Om jou inligting na te gaan, gaan na die CGA se webtuiste (www.cga.co.za) en kyk onder "current affairs", of gaan na DAFF se webtuiste (www.daff.gov.za) en kyk onder die "Plant Health" afdeling. As jy meer hulp benodig, bel die CGA se kantoor by 031 765 2514. Die wysigings kan na die volgende beamptes gestuur word: Na: PatrickMag@daff.gov.za; EricMu@daff.gov.za Cc: JulietM@daff.gov.za; ElelwaniTh@daff.gov.za.

## GEÏNTEGREERDE PLAAGBEHEER DVD

Teen die tyd moes jy al jou kopie van die Geïntegreerde Plaagbeheer vir Sitrus DVD, wat deur CGA geborg is, ontvang het. As jy nie het nie, stuur asseblief 'n e-pos aan Angela Phillips by angela@citrusacademy.org.za met jou plaas se naam, PUC en posadres. Die Citrus Academy sal baie graag jou opinie oor hierdie produk wil hoor. Stuur asseblief jou kommentaar na learnmore@citrusacademy.org.za en sluit ook asseblief voorstelle in oor watter ander oudio-visuele leermateriaal jy graag wil hê ons vir jou moet ontwikkel.

## VALSKODLINGMOT (VKM)

'n Onlangse *Snykant (No 128, Desember 2011)* wat deur Sean Moore (CRI) geskryf is, gee goeie praktiese advies met betrekking tot VKM-beheer Produsente het nodig om hul VKM-beheermaatreëls op te skerp – as jy nie deel van die *Snykant* se verspreidingslys is nie, laat my asseblief weet.

Sean se advies dek drie belangrike faktore - biologiese beheer, boordsanitasie en vroeë beheer. **Biologiese beheer -** 'n eier parasitoïed (met 'n lang latynse naam) kom natuurlik in sitrusboorde voor en is hoogs effektief in eier parasitisme (soms tot en met 100%!). Elke moontlike poging moet aangewend word om die gebruik van ontwrigtende bespuitings tydens te seisoen te verhoed (thripicides is die vernaamste sondebok). Biologiese beheer met die eier parasitoïed kan deur vermeerdering bevorder word. Die gebruik van natuurlike vyande moet die nommer een oplossing wees omdat dit die afhanklikheid van gifstowwe en kostes verminder. **Boordsanitasie -** Weeklikse boordsanitasie kan VKM-besmettings gedurende die seisoen met **75%** verminder. In warmer dele en tydens warmer maande moet boordsanitasie meer gereeld gedoen word. As daar na die effektiwiteit van boordsanitasie gekyk word, en die hoë pes-status wat VKM geniet, is die arbeidsonkostes, weens toepassing van boordsanitasie, meer as geregverdig. Gereelde boordsanitasie moet nie later as vroeg Desember begin word nie. CRI se IPM Riglyne gee die presiese besonderhede oor hoe die praktyk geïmplimenteer moet word. **Begin vroeg met beheermaatreëls -** moenie wag totdat VKM 'n probleem is voor daar met beheermaatreëls begin word nie. Vroeë behandeling van VKM het 'n uitslaan-effek op daaropvolgende VKM-generasies, wat tot gevolg het dat beheermaatreëls kort voor oes op 'n laer vlak van VKM gerig is. Dit is sonder twyfel bewys dat vroeë aanwending van beide parings-ontwrigting (beginnende in Oktober) en virus (beginnende in November/Desember) aansienlik meer effektief is as latere aanwending van hierdie beheermaatreëls.

Hierdie drie pilare is die fondament van goeie VKM-beheer. Alle beheeropsies (chemies, virus, parings-ontwrigting, lok-en-dood, SIT) sal 'n klein verskil maak is dit nie op hierdie fondament gebou is nie.

## CRYPTOGRAN

Produsente word daaraan herinner dat die beste vorm vir laat-seisoen VKM-beheer deur middel van onderdrukking van populasies vroeg in die seisoen is. Cryptogran het in vele proewe wat deur CRI uitgevoer is, bewys om een van die mees effektiewe maniere vir valskodlingmot beheer te wees; veral as dit gespuit is gedurende die week wanneer 'n vlugpiek van motte in November en Desember bepaal is. Dit is om saam met eierlegging en uitbroeiing 'n week of twee later te val. Die virus moet ingeneem word om effektief te wees en molasse is 'n noodsaaklike toevoeging om dit te verseker. Enige navrae moet asseblief aan Keith Danckwerts, Algemene Bestuurder, River Bioscience, 083 633 2336, keith@riverbioscience.co.za, gerig word.

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS. VERSEKER SO 'N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**